‘n Nuwe Graf – Francois Malan

Gideon vra vanaf Facebook

Wat is die betekenis daarvan dat Jesus in ‘n nuwe graf begrawe is volgens Matteus 27:60 en Lukas 23:53

Antwoord

Prof Francois Malan antwoord:

Johannes 19:41 beklemtoon dat daar niemand anders nog ooit in die nuwe graf neergelê is nie, soos Lk 23:53. Dit is gepas vir die Heilige van God en kon die onmiskenbare getuie wees van die oorwinning van die Here van lewe oor die dood. Matteus beklemtoon ook dat dit ‘n nuwe graf was, waarin nog geen ander lyke sou wees waarmee Jesus se liggaam kon verwar word nie.

Daarby sê Matteus 26:57 dat Josef ‘n ryk man was. Toe hy dit geskryf het, het Matteus dit waarskynlik gesien as ‘n vervulling van Jesaja 53:9, letterlik: ‘en hy gee aan die skuldiges/goddeloses (Hebreeus: *resja‘im*) sy graf, en aan ‘n ryke (‘*asjir*) in sy dood…’ Om ‘n grafkelder in ‘n rots uit te kap, was destyds in elk geval ‘n duur onderneming.

(Die 1983-vertaling verduidelik ‘’n ryke’ met ‘sondaars’: Hy het ‘n graf gekry by goddeloses, hy was by sondaars in sy dood).

Jesaja 53 is ‘n gedig oor die lydende kneg van die Here, wat in Jesaja se tyd na die volk Israel en tot ‘n mate op hulle leier Serubbabel toegepas is, maar waarvan die vervulling in die Nuwe Testamentiese tyd op Jesus van toepassing gemaak is.

Skrywer: Prof Francois Malan